Pinksterdiens 31 Mei 2020 Vreesloos - Hou moed!!

Lofsang (sonder aankondiging)

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Tema Vreesloos: Opsomming

Opsomming van al die dienste sover

**Donderdagoggend** het ons gesels oor die een vrees wat sin maak: vrees vir God. Ons probeer God in boksies sit, maar hoe groter God is, hoe kleiner ons vrese.

**Vrydagoggend** het ons die verhaal gelees van Jesus wat die storm stilmaak. Vrees maak dat ons nie op God vertrou nie, maar sekuriteit aanbid. Tog is dit die opdrag wat Jesus die meeste gee (meer as die opdragte tot liefde): moenie bang wees nie.

**Saterdagoggend** het ons gesê dat ons almal wil voel dat ons maak saak. Tog het ons die gevoel dat ons nie saak maak, nie liefde werd is nie – ons het die beeld van die vyfde mossie gebruik. Dis 'n selfvervullende profesie. Ons het waarde by God! God gee vir ons genoeg om – hy tel selfs die hare op ons kop.

**Sondagoggend** het ons gevra: "Wat as ek God teleurstel?" Ons het gesê jy hoef nooit bang te wees dat God se genade gaan opdroog, dat dit 'n eindpunt gaan bereik nie

**Maandagoggend** het ons gehoor dat ons nie moet fokus op aardse rykdom en ons veiligheid en sekuriteit daarin vind nie, maar eerder God moet ken in ons daaglikse **lewe, Hom moet vertrou met alles en alles in Sy herders hande plaas…**

**Dinsdagoggend** het ons vir mekaar gesê kyk na Jesus en hou jou oë op Jesus, moenie vaskyk in die storms nie, Kyk na Jesus, want Hy is hier.

**Woensdagoggend** het ons gesê dat wanneer ek en jy die grootste vrese van die lewe in die gesig staar kan ons ook op ons knieë gaan en bid…

**Donderdagoggend** het ons vir mekaar gesê dat ons moet bereid wees om ons kruise op te tel en agter Jesus aanloop. Jesus roep ons om te waag in ons geloof!

Inleiding: Vreesloos – Hou moed!

Familie en vriende, die afgelope week het ons gesels oor die tema Vreesloos – ons het na ‘n klomp vrae gekyk en na die dinge wat ons bang maak in die lewe! Vanoggend sluit ek reeks of op Pinksterfees! Gestuur het sodat ons kan lewe en ‘n beter en gesonde verhouding met God kan hê. Daarom wanneer die Gees van God in woon kan vrees nie wees nie, want die Gees van God dryf alle vrees uit soos wat Hy ons lewe rig en lei. **Daarom die tema van vanoggend se diens is – Hou moed!**

**Familie en vriende**

- **Jesus se opstanding het die verslae dissipels tot orde geroep**. Dit was ‘n tyd van verligting.
- Alles is nie verby soos dit vir hulle gelyk het nie. Jesus leef! Hy het die dood oorwin en daaruit opgestaan.
- Dit het skielik **nuwe opwinding en afwagting** gebring.

Wat dink julle gaan nou gebeur?

- Gaan Jesus die koninkryk van Israel nou herstel?

Kyk **as die dood hom nie eers kon vashou nie**, dan is daar mos nou niks wat hom gaan keer nie…

Handelinge 1 vind ons Jesus saam met sy dissipels aan tafel. Hy dui vir hulle koers **aan: Hy sê *Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van my gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ‘n paar dae met die Heilige Gees gedoop word***

***(*Hand 1:4c-5)**

- **Asof hulle hom nie verstaan het nie vra hulle hom ‘n paar dae later**:
- *Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk van Israel weer gaan oprig?*
- M.a.w: *Here, Gaan die dinge nou gebeur, gaan u nou die romeinse owerheid*
- *omverwerp?*

Dan **antwoord Jesus:**

- *Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld (Hand 1:8)*

**Wat sê Jesus vir die dissipels?**

**Julle vra my of ek die koninkryk gaan oprig?** Julle maak ‘n fout. Julle kyk na my…! Dit is nie ek nie maar julle wat die werk gaan doen.

***<u>Julle gaan krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle gaan my getuies wees…</u>***

**Die dag met die Pinksterfees het Jesus se woorde in vervulling gegaan**.

Kom ons lees die beskrywing van die gebeure; Handl 2:1-13(a)

*Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op **een plek** bymekaar. Skielik was daar ‘n geluid uit die hemel soos van ‘n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onders sy leiding te doen. Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. Toe die mense die geluid hoor, het ‘n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. Verras en verbaas sê hulle toe:” Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea, Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het” Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog beteken?” Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk”*

**Petrus het onder leiding van die Heilige Gees opgestaan en verduidelik** aan die verdwaasde skare wat het sopas in hulle midde plaasgevind.

**Hierdie mense is nie dronk** soos julle dink nie, want dit is nog maar 9 uur in die more. Hier het gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: *So sal dit in die laaste dae wees sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. Ja op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree…. So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (*Hand 2:15-21)

**Wat het gebeur?**

- Die **God het sy Heilige Gees oor elke gelowige uitgestort**
- God het deur sy Gees in elke gelowige in trek geneem.
- Jy is die adres van God, die Heilige Gees…

**Daarom, jy, wat glo in Jesus Christus**

- Het die Gees van God in jou
- Jy kan nie glo sonder die Gees van God nie. Die is juis die Gees wat die geloof in jou werk.

**Wat doen die Gees van God in jou?**

1. **Praat met jou op verskeie maniere.**
    a. Natuur / Bybel
    b. Deur mense…
2. **Leer jou**
    a. verskil tussen goed en kwaad, liefde en haat
    b. dat Jesus Christus jou Verlosser en Saligmaker is
    c. Jy het die ewige lewe. Jy gaan dit nie eendag eers beërwe nie.
    d. Jy is kerk. Die liggaam van Christus – uit alle volke nasies en tale
3. **Lei jou**
    a. Wys jou die pad van geloof in Jesus Christus (Johannes 10)
    b. Daar is nie ‘n ander pad van saligwording nie
4. **Herskep jou**
    a. Laat ‘n wedergeboorte in jou plaasvind. Die ou mens moet afsterf en ‘n nuwe mens in jou opstaan (Johannes 3).

5. **Stuur jou**
    a. Gaan maak dissipels (Mat 28) (na alle volke nasies en tale)
    b. Nooi mense saam op God se pad (uit alle volke nasies en tale)
    c. Bedien hulle met die liefde van Christus (Johannes 13)

**Vandag vier ons Pinksterfees**, Die Gees van God wat in ons woon word uitgestort.

- Dit is ‘n herinterpretasie van die oesfees, wat oorspronklik ‘n dankseggingsfees van die oes was.
- Die vrugte van die oes het ingekom en daar is fees gevier.
- Pinksterfees, **die vrugte van die Heilige Gees kom in**…
- Ons vier fees… want in Jesus Christus is ons oorwinnaars.

**Die Heilige Gees bring hoop vir die toekoms**.

- Die **Gees laat ons glo – daar is ‘n toekoms**:
- waar die sonde nie meer ‘n invloed gaan hê nie.
- Waar daar nie meer haat, gemeenheid, misdaad, onmin, agterbaksheid gaan wees nie.
- Daar gaan nie meer ‘n geswoeg en ‘n gespartel wees om kop bo water te hou en te oorleef nie. Hartseer, pyn, droefheid en trane sal nie meer bestaan nie.
- Daar gaan nie meer onderskeid wees op grond van ryk en arm, velkleur of die taal wat jy praat nie
- Daar gaan nie meer misbruik van die aarde wees nie
- Daar gaan vrede wees. Vrede met God en vrede met mekaar

**Slot**

- **Wat meer wil jy weet om fees te vier**. Die vrugte van die Gees kom in.
- **Moenie dat die swaarkry** van die huidige jou laat moed verloor nie. Nee, skep moed. Word opgewonde.
- Leef saam met jou medegelowige.
- **Volg Jesus se voorbeeld**.
- Leef liefde.
- Jy is daartoe instaat. God is deur sy Gees in jou.

- Deur die uitstoring van die Gees en die Gees van God wat in ons woon hoef ons daarom nie meer bang te wees nie, want God die Gees is elke oomblik van elke dag saam met jou en my.
- AMEN

Die Here Jesus Christus nooi julle nou om saam te sit aan die tafel en te herdenk hoe groot die Here is. Te herdenk hoe groot sy goedheid en liefde is wanneer ons nou saam die nagmaal gaan vier!

Terwyl ons nou na die weer opnuut herhinner word aan wat die nagmaal is wil ek vra dat elke gelowige wat hierna luister of jy lidmaat is en of nie, as jy die vrymoedigheid het om die nagmaal te gebruik in jou eie kerk dan nooi die Here jou nou om saam nagmaal te vier.

Na die instelling van die nagmaal gaan ek 'n lied speel, - Remember me- en ek wil vra dat elke pa of hoof van die huis die nagmaal sal bedien terwyl die lied speel. Daarna gaan die Onse Vader as 'n slot gebed gespeel word waarna ek die seën van Here oor julle elkeen sal uitspeek.

Amen

**"Remember me"- Deborah Govenor**

**Gebed – Die Onse Vader (lied)**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee".